# Gebed in die Ou en Nuwe Testament: 'n Vergelykende studie

D.F. O'Kennedy
Dept. Ou en Nuwe Testament
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
E-pos: danieok@global.co.za

**Abstract**

**Prayer in the Old and New Testament: A comparative study**

*There are many publications on prayer; though the Biblical basis of prayer is often neglected. This article presents a general overview of the similarities and unique features of prayer in the Old and New Testament. Some of the unique features of New Testament prayer are the Trinitarian character; the prayer of the exalted Jesus; the emphasis on prayer teaching and the attitude of the supplicant. The unique features of Old Testament prayer are inter alia the Psalms as "prayer book" and the greater emphasis on prayer and cult/public worship. One can conclude that there is no significant gap or contradiction in the prayer content of the Old and New Testament. Several similarities between the Old and New Testament's views on prayer confirm this opinion. In many ways the forms and traditions of Israelite prayer that preceded the career of Jesus and the first Christian community were continued in the New Testament.*

## 1. Inleiding

Gebed is wesenlik 'n gesprek tussen God en mens. Daar word heelwat oor gebed gepubliseer; tog word die Bybelse begronding van gebed afgeskeep. Soms is daar ook teenstrydige gebedsbeskouings of -praktyke, omdat net op een Testament of selfs een aspek van gebed gefokus word. Hierdie artikel het ten doel om 'n kernagtige oorsig oor gebed te bied soos dit opgeteken is in die Ou en Nuwe Testament en om sodoende 'n bydrae tot die verstaan en uitlewing van gebed te lewer.[1] In

1 Die skrywer kon geen Afrikaanse artikel vind wat 'n kernagtige oorsig bied van gebed in die Ou en Nuwe Testament nie. Verskeie artikels oor aspekte van gebed in óf die Ou Testament óf die Nuwe Testament is wel opgespoor.

die artikel word gepoog om te antwoord op die vraag: Watter ooreenkomste en watter unieke elemente kom voor in besprekings van gebed in die Ou en Nuwe Testament? Uiteraard is dit nie die bedoeling om alle aspekte van gebed in detail te bespreek of om volledige eksegetiese opmerkings te maak nie. Teksverwysings word wel ingevoeg om sekere insigte te staaf.

Die artikel sal soos volg gestruktureer word. Na 'n algemene bespreking oor die voorkoms van gebed in die Bybel (punt 2) sal die ooreenkomste (punt 3) asook die uniekheid van die onderskeie Testamente se gebedsbeskouing bespreek word (punt 4 en 5). In die slot (punt 6) sal 'n kort samevatting gegee word.

## 2. Voorkoms en verspreiding van gebed in die Bybel

Gebed vorm 'n integrale deel van die Bybel. Die volgende statistieke ten opsigte van die 1983-Afrikaanse vertaling ondersteun bogenoemde stelling: die selfstandige naamwoord *gebed/e* kom onder andere 194 keer in 184 verse voor terwyl die werkwoord *bid/het gebid* 270 keer in 257 verse voorkom. Buiten hierdie statistiek is daar nog talle verwysings na smeking, dank, lof en aanbidding. Weens die grootte en omvang van die Ou Testament word meer gebede en verwysings na gebede daar aangetref.[2] Hierdie feit beteken egter nie dat gebed in die Nuwe Testament afgeskeep word nie.

Daar is 'n interessante verspreiding van gebedsgedeeltes in die Bybel. Gebed word regdeur die Ou Testament aangetref, maar daar is 'n opvallende afwesigheid in veral die Priesterlike literatuur en min verwysings na gebed in die Wysheidsliteratuur.[3] In die boek Levitikus vind 'n mens byvoorbeeld geen gebede saam met die beskrywing van die offerpraktyk nie (Corvin, 1972:89; Liefeld, 1986:932).

Daar is talle verwysings na gebed in die Nuwe Testament, maar slegs 'n paar *opgetekende gebede*.[4] Die bekendste hiervan is seker die Ons

2 Vergelyk die volgende statistieke ten opsigte van gebed in die Ou Testament: Lockyer (1959:7-11) – 222 gebede; Louw (1979:89-105) – 384 gebede; Greenberg (1983:7) – 140 keer word van gebed melding gemaak buiten in die Psalms.

3 In die wysheidsboeke (Job, Spr., Pred., Hoogl.) word die woord ses keer en die woord twee keer aangetref (vgl. ook Gerstenberger, 1989:610).

4 *Opgetekende gebede* is in die direkte rede opgeteken, byvoorbeeld gebede van Moses of Daniël. Gewoonlik word sekere sleutelterme of frases as inleiding tot hierdie gebede gebruik. *Verwysings* na gebed is byvoorbeeld waar Paulus oor gebed in sy briewe praat sonder 'n direkte gesprek met God. Dit is somtyds moeilik om grense vir hierdie verwysings te bepaal, maar die meeste geleerdes reken dat die gebedswens en seën ook tot hierdie afdeling behoort (Wiles, 1974:6-11). *Antwoorde* op gebed is waar die

Vader-gebed wat Jesus vir sy dissipels geleer het (Matt. 6:9-13; Luk. 11:2-4). Buiten Jesus se gebede aan die kruis[5] is daar vyf opgetekende gebede van Jesus,[6] een gebed van Petrus en Johannes (Hand. 4:24-30) en die twee gebede van Stefanus wat hy gebid het terwyl hy gestenig is (Hand. 7:59-60) (Miller, 1994:305).

In die Nuwe Testament is daar 'n paar skrywers/redaktors wat meer aandag aan die beskrywing van gebed verleen. Lukas word die "evangelis van gebed" genoem, omdat hy meer as die ander evangeliste na Jesus se gebedslewe en sy lering oor gebed verwys. Hy voeg drie gelykenisse in om die belangrikheid van gebed te onderstreep (Luk. 11:5-13; 18:1-8; 9-14). Verder is daar talle voorbeelde[7] waar Lukas verwys na Jesus se voorbeeld as bidder, onder andere Jesus se hele nag in gebed voor die aanwysing van sy twaalf dissipels (Luk. 6:12) (O'Brein, 1973:116-121; Smalley, 1973:59).

In Handelinge vind 'n mens geen opgetekende gebed van Jesus nie, maar wel talle verwysings na die gebedsprakyke van die vroeë gemeente. Gebed geniet heelwat aandag in Paulus se briewe, maar buiten die seënuitsprake word net verwysings na gebede aangetref. Paulus verskaf nie die bewoording van sy gebede nie; tog verwys hy telkens na die inhoud van sy gebede (Cullmann, 1995:70). Die briefstyl van Paulus se geskrifte maak nie ruimte vir die insluiting van enige gebed wat direk tot God gerig is nie. Al die verwysings na God in Paulus se briewe geskied in die derde persoon (Wiles, 1974:6-7). Aan die ander kant moet erken word dat Paulus se kreatiewe verandering van die standaard-briefvorm meestal gevind word in die gebedsgedeeltes aan die begin en einde van sy briewe. Hy volg die konvensie van die eerste-eeuse briefskrywers deurdat hy 'n inleidingsgebed in die vorm van 'n gebedswens invoeg (Dippenaar, 1988:25-53; Peterson, 1990b:85). Verder word 'n groot deel van Paulus se gebedspraktyk in die boek Handelinge opgeteken (Hand. 9:11; 20:36; 21:5; 22:17-21; 28:8).

Volgens Lockyer (1959:246) is Galasiërs die enigste Nuwe-Testamentiese boek waar geen verwysing na gebed voorkom nie. Aan die ander kant reken Wiles (1974:397) en Stendahl (1980:241) dat die vloek-

Bybel vir ons aandui dat God die spesifieke gebed van 'n persoon of groep beantwoord het. In hierdie artikel sal opgetekende gebede, verwysings na gebed en antwoorde op gebed bestudeer word om 'n goeie oorsig oor gebed in die Bybel te verkry.

5 Matt. 27:46 = Mark. 15:34; Luk. 23:46.

6 (1) Matt. 11:25-27 = Luk. 10:21-22; (2) Matt. 26:39 = Mark. 14:36 = Luk. 22:42; (3) Joh. 11:41-42; (4) Joh. 12:27-28; (5) Joh. 17:1-26.

7 Vgl. ook Luk. 3:21; 11:1; 22:40, 46; 21:36; 23:34, 46.

uitsprake, seën en doksologie in hierdie brief wel as gebed getipeer kan word (Gal. 1:3-5, 8; 4:6; 6:16, 18). Talle verwysings na gebed word in die sogenaamde algemene briewe aangetref. Peterson (1990a:118) skryf die volgende oor gebed in hierdie briewe:

> Thus, the subject of prayer is related to the central concerns of each one of these documents and related to a variety of practical situations in which believers throughout the centuries have continued to find themselves.

Buiten die gebedsroep in Openbaring 22:17 word geen smeekgebede in hierdie boek aangetref nie. Openbaring konsentreer op lof- en dankgebede waarin die majesteit van God besing word (vgl. Op. 4 en 5). Hierdie lofgebede kan waarskynlik as liturgiese gebede getipeer word (Velema, 1972:79-87; Cuming, 1974:90; Cullmann, 1995:116).

Bogenoemde bespreking het aangedui dat daar enkele verskille tussen die Ou en Nuwe Testament is ten opsigte van die verspreiding van gebedsgedeeltes. Die vraag bly egter steeds: Watter ooreenkomste en watter unieke elemente is daar in die gebede wat in die Ou en Nuwe Testament voorkom.

## 3. Ooreenkomste tussen gebed in die Ou en Nuwe Testament

Die ooreenkomste tussen gebed in die Ou en Nuwe Testament word vervolgens in tien onderafdelings bespreek. Hierdie afdelings kan nie as waterdigte skeidings beskou word nie; dit help bloot om die verskillende ooreenkomste makliker te groepeer. Teen die einde (3.10) word ’n paar algemene ooreenkomste genoem wat nie binne enigeen van die ander groeperings inpas nie.

### 3.1 Verskillende terme vir gebed

Sowel die Ou as die Nuwe Testament gebruik ’n hele aantal terme en frases om gebedshandeling uit te druk. Die voorkoms van die verskillende terme dien ook as hulpmiddel om die gebedsliteratuur in die Bybel te onderskei. Daar is wel in albei Testamente bepaalde terme wat meer algemeen gebruik word. In die Ou Testament word die term (78 keer) of (80 keer)[8] die meeste gebruik terwyl die term προσευχομαι (85 keer) en προσευχη (37 keer) die algemeenste in die

8 Gerstenberger (1989:611) reken dat die woord wys op ’n rituele gebed.

Nuwe Testament voorkom.[9] Dit is egter opvallend dat προσευχομαι glad nie in die Johannesevangelie of -briewe aangetref word nie. Die Septuagint gebruik ook die woord προσευχομαι as vertaling vir die Hebreeuse term . Ander belangrike Griekse terme wat gebruik word, is: αιτεω en παραιτεομαι (vra of pleit); δεομαι (smeek of pleit); ερωταω (vra of versoek); γονυπετεω (op jou knieë val, kniel); προσκυνεω (aanbid, neerval in aanbidding); εντυγχανω (smeek, vra, bid); ζητεω (om te vra na iets wat verlang word); παρακαλεω (ernstig pleit); κραζω (roep); καυχαομαι (loof, dank) (Schönweiss, 1976:855-869; Greeven, 1980: 806-807; Louw & Nida 1988:409).

Buiten die stam is daar die volgende Hebreeuse terme wat in die Ou Testament vir gebed gebruik word: ✍■ℯ𝓇 (bid, smeek); (bid, smeek); (bid, pleit, intree); (bid); (bid, smeek); (roep tot die Here); en (soek die aangesig van die Here); (vra); (skree, roep tot God). Daar is 'n paar werkwoorde wat gebruik word om die loof, prys en dank van God te beskryf: ; ; ; 🕮❒ℓ; en (Gispen, 1957:21; Miller, 1994:32-48; Verhoef, 1997:1060-1066).

## 3.2 Uiterlike gebedshoudings en -rituele

Volgens die Bybel is gebed meer as net 'n verbale handeling; die hele liggaam is daarby betrokke. Die volgende gebedshoudings word in die Bybel beskryf:

- Die *staande* gebedshouding kom op verskeie plekke in die Bybel voor (1 Kon. 8:22; Neh. 9:5; Mark. 11:25; Luk. 18:13; e.a.). In die Ou Nabye Ooste dui hierdie gebedshouding op die mens se onder-geskiktheid voor 'n godheid wat sit (vgl. Keel, 1972:294-295). Volgens Ap-Thomas (1956:15) was dit die belangrikste openbare gebeds-houding in die Nuwe-Testamentiese tyd.

- Die *knielende* gebedshouding het waarskynlik verootmoediging voor God uitgedruk (1 Sam. 1:26; 1 Kon. 8:54; Hand. 21:5; Ef. 3:14; e.a.). Die staande gebedshouding was waarskynlik in die Nuwe-Testa-mentiese kerk die gebruiklike; tog word meer verwysings na die knielende houding in die Nuwe Testament aangetref (Du Toit, 1994:269).

- Buiten die knielende houding was daar ook nog sprake van *neerbuig* of proskunese wat gedui het op volstrekte afhanklikheid en on-

---

9 Von Severus (1972:1162) reken dat in vergelyking met die Grieks-Romeinse wêreld die Ou Testament nie 'n alomvattende gebedsterm soos προσευχομαι besit nie.

derwerping aan God (Gen. 24:26; Ps. 5:8; Matt. 26:39; Mark. 14:35; Op. 5:14; 11:16; e.a.).

- Die *uitstrek van die hande* dui op vertroue in God en word op verskeie plekke in die Ou Nabye Ooste visueel uitgebeeld (Ps. 28:2; 143:6; 1 Kon. 8:22; 1 Tim. 2:8).
- Die *sittende* gebedshouding kom slegs in die Ou Testament voor en was waarskynlik nie 'n algemene houding nie (Gen. 21:16; 2 Sam. 7:18) (Miller, 1994:50).

Daar is 'n tendens in die Bybel om voorkeur te verleen aan gebedshoudings met 'n afwaartse neiging (kniel, neerbuig of neerval) in die volgende twee omstandighede: (1) by geleentheid van 'n oorweldigende besef van God se grootheid en majesteit; (2) in tye van diepe verootmoediging en smeking. 'n Mens kan nie tot die gevolgtrekking kom dat daar spesifieke gebedshandelinge vir bepaalde gebedsvorme was nie; byvoorbeeld uitgestrekte hande vir lofgebede en kniel vir klaaggebede (vgl. Gen. 24:26; Ps. 141:2) (Albertsz, 1984:35).

In die Bybel word geensins negatiewe kommentaar op enigeen van hierdie houdings gelewer nie. Die Nuwe Testament lewer wel negatiewe kommentaar op die skynheiligheid van lang gebede (Matt. 6:7; Mark. 12:40) en waarsku teen mense wat bid met 'n hoofbedekking aan (1 Kor. 11:4) (Versteeg, 1978:75-79; Du Toit, 1994:274).

Buiten bogenoemde gebedshoudings is daar nog verwysings na die volgende nie-verbale gebedspraktyke: Geboë hoof en slaan op bors (Luk. 18:13); harde geroep en trane (Heb. 5:7); hande oplê en bid (Matt. 19:13; Hand. 6:6; 28:8); gebed en offer (Luk. 1:10); vas en gebed (Ps. 35:13; Dan. 9:3; Joël 1:14; Matt. 17:21; Luk. 2:37; Hand. 13:3; 14:23); gebed en maaltyd (Rom. 14:6; 1 Kor. 10:30); gebed en die oopgaan van die hemel (Luk. 3:21); gebed en lofsang (Hand. 16:25); gebed en die salwing met olie (Jak. 5:14); gebed en loting (Neh. 11:17; Hand. 1:24); rourituele (2 Kon. 19:1; Esra 9:5; Dan. 9:3); gebedsband/-riem (Eks. 13:9; Matt. 23:5).

### 3.3 Plek en tyd van gebed

Die Ou-Testamentiese wette gee detailvoorskrifte vir feitlik elke godsdienstige handeling. In hierdie wette is daar nêrens 'n opdrag om op 'n spesifieke plek en op 'n spesifieke manier te bid nie (Peskett, 1990:25).[10]

---

10 Deuteronomium 26:1-15 is die enigste wetsgedeelte wat vae ooreenkomste toon met 'n "gebedsliturgie" terwyl Eksodus 23:13 die enigste vers in die regsliteratuur is wat

Alhoewel die tempel of heiligdom 'n sentrale plek inneem (vgl. 1 Kon. 8:22-53; Ps. 134:2; Jes. 56:7; Matt. 21:13), word die tempel nie verhef as die enigste of belangrikste plek van gebed nie. Jesus respekteer wel die tempel as 'n huis van gebed (Mark. 11:7), maar volgens die Nuwe Testament is die plek waar 'n mens bid nie so belangrik nie (Cullmann, 1995:91).

Buiten die tempel word die volgende gebedsplekke beskryf: In afsondering op 'n berg of eenkant weg van die skare (Matt. 14:23; 26:36; Mark. 6:46; Luk. 5:16; 6:12; 9:18, 29);[11] dakstoep (Hand. 10:9); binnekamer (Matt. 6:6); selfs in die maag van 'n vis (Jona 2:1).

Somtyds word 'n tweedeling gemaak tussen openbare of liturgiese gebede (bv. in die tempel) en spontane vrye gebede. Die Ou en Nuwe Testament maak nie 'n duidelike skeiding tussen die verskillende gebede nie. Daar was 'n voortdurende wisselwerking tussen dit wat by die huis gebeur het en die formele godsdiensbeoefening in die tempel of sinagoge (Westermann, 1981:157; O'Kennedy, 1994:35). In die Bybel is daar egter sekere gebede wat as liturgiese gebede geklassifiseer kan word, byvoorbeeld die seëngebede en liedere (Psalms; 2 Kor. 13:13; Ef. 5:19; Kol. 3:16).

Daar is nêrens in die Bybel 'n eksplisiete oproep om op spesifieke tye te bid nie. Die Bybel gee wel vir ons voorbeelde van Jesus en ander gelowiges wat op verskillende tye voorbidding gedoen het. Jesus het in sy gebedslewe aangesluit by die gewoonte van sy Joodse tydgenote om drie keer per dag te bid (vgl. Dan. 6:11): soggens (Mark. 1:35-38; Luk. 4:42); smiddae om drie-uur met die tyd van die middagoffer; en saans (Luk. 6:12). Volgens die boek Handelinge het die oudste gemeente ook hierdie gewoonte nagevolg (Hand. 3:1; 10:2-3, 30) (Versteeg, 1978:73-75).

Die Bybel leer dat gebed nie gebonde is aan tyd, plek of 'n spesifieke geleentheid nie. God kan enige tyd op enige manier genader word. Gelowiges word aangemoedig om sonder ophou te bid, dag en nag (1 Sam. 12:23; 1 Kon. 8:29; Luk. 18:1; Rom. 12:12; Kol. 4:2; 1 Tess. 5:17; 1 Tim. 5:5) (Smit, 1997:437-451).

verwys na die inhoud van gebede ("Julle mag die naam van ander gode nie in julle gebede noem nie").

11 Die afsondering kom veral by Jesus se gebede voor. Die Ou Testament beklemtoon nie eintlik hierdie aspek van gebed nie, alhoewel talle private gebede opgeteken is wat buite die kultus plaasgevind het.

## 3.4 Die ontwikkeling van gebed

Die vraag ontstaan dus of daar 'n ontwikkeling in die Bybelse gebede was. Westermann (1981:156-158) reken dat die Ou-Testamentiese gebede 'n lang ontwikkelingsproses deurgemaak het. Hy onderskei drie stadia in die historiese proses:

- Die oudste stadium verwys na kort gebedsuitroepe wat telkens uit 'n spesifieke narratiewe situasie ontstaan het (Eks. 18:10; Rigt. 15:18; 2 Sam. 15:31; e.a.).

- In die tweede stadium is hierdie kort gebedsuitroepe in 'n Psalm saamgevoeg. Die Psalms is in digvorm geskryf en het veral in die kultus gefunksioneer;

- In die derde stadium het lang prosagebede ontstaan (vgl. 1 Kon. 8; Esra 9; Neh. 9).

Greenberg (1983:43-46) verskil van Westermann se siening van 'n liniêre ontwikkeling van gebed; dit wil sê 'n historiese ontwikkeling van een stadium na 'n ander. Greenberg beskou die gebed in die Ou Testament vanuit drie verskillende vlakke:

- As die bidder die tempel besoek, gebruik hy eerder 'n rituele gebed soos in die Psalms opgeteken is.
- Ander tye (selfs ook by die tempel) gebruik dieselfde bidder 'n meer spontane gebed. Die moontlikheid bestaan dat hy sekere vaste komponente of frases in sy "spontane gebed" gebruik het.
- Die derde vlak is volgens Greenberg die totaal onkonvensionele en ongekunstelde vlak; dalk net 'n uitroep soos byvoorbeeld in 2 Samuel 15:31 of Rigters 15:18.

Greenberg reken dat een persoon op twee of op al drie vlakke bid. Hanna het byvoorbeeld 'n lang gebed (1 Sam. 1:12) asook 'n dankpsalm (1 Sam. 2:1-10) gebid.

Dit is duidelik dat Westermann se drie stadia nié as *waterdigte stadia* in 'n historiese ontwikkelingsproses beskou kan word nie. Greenberg se drievlakhipotese in die bestudering van gebed in die Ou Testament moet in aanmerking geneem word. Verder reken Gerstenberger (1989: 616) dat gebed in die offerlose godsdiens van die eksiliese tot na-eksiliese tyd tesame met die Skriflesing en prediking die belangrikste bestanddeel van alle godsdienstige seremonies was.

Dit is onseker of daar 'n ontwikkelingsproses in die Nuwe-Testamentiese siening van gebed was. In aansluiting by Greenberg tref 'n mens wel soos in die Ou Testament gebede op verskillende vlakke aan: kort gebede (Matt. 27:46; Luk. 10:21); geleentheidsgebede of langer prosagebede (Joh. 17); gesamentlike gebede (vgl. Hand. 13:1-3); en 'n modelgebed (Matt. 6:9-13).

## 3. 5 Verskillende gebedsvorme

Die Bybelse gebede word in verskillende literêre vorme uitgedruk. Daar is 'n tendens by Ou-Testamentiese geleerdes om meer op hierdie aspek te konsentreer, aangesien meer "afgebakende" gebedsvorme in die Ou Testament voorkom (vgl. Wendel, 1931; Krinetzki, 1965; Gerstenberger, 1980; Reventlow, 1986; Kloppers, 1989). Vervolgens sal die vier belangrikste gebedsvorme in Bybel bespreek word:

- **Lofgebed of himne[12]**

Lof kan beskou word as die erkenning van *wie God is* (sy deugde) en dank as erkenning vir *wat God skenk* (sy dade). Die lofgebed kom regdeur die Bybel voor met die grootste konsentrasie in die Psalms[13] (Eks. 15:1-18; Rigt. 5:1-31; 2 Sam. 22:2-31; Matt. 11:25; Luk. 1:46-55; Luk. 1:67-79; e.a.). Alhoewel die gebede van die Bybel nie almal as lofgebede (himnes) getipeer kan word nie, kom die element van lof in die meeste gebede voor (bv. 1 Sam. 2:1; 1 Kon. 8:23-24; Neh. 9:5; Hab. 3:18-19; Luk. 10:21; Joh. 12:28; 1 Kor. 14:15; e.a.). Lof is waarskynlik die hart van die Bybelse gebede en 'n mens kan lof tipeer as die sentrale doel van alle gebed (Clements, 1985:13; Miller, 1985:6-7).

- **Dankgebed**

Die lof en dank sluit nou by mekaar aan en kan soms in mekaar vloei. Een van die redes waarom die dankgebed afsonderlik behandel word, is omdat dit in die Ou Testament ten nouste met die klaaggebed saamhang. Somtyds gaan die klaaggebed oor in 'n dankgebed terwyl die dankgebed weer die klag as vertrekpunt het. Dankgebede en verwysings na dankgebede word regdeur die Bybel aangetref, veral in die Psalms

12 Westermann (1981:159-169) behandel die lof- en dankgebede saam, maar tref tog 'n onderskeid tussen beskrywende lof (Gunkel se himne) en "berigtende" lof (Gunkel se danklied). In hierdie artikel word dank as aparte vorm behandel en nie as onderdeel van lof nie. Die inhoud van die dankgebed is egter dieselfde as Westermann se "berigtende" lof, naamlik dank in die konteks van wat gebeur het. Die inhoud van die lof kom weer ooreen met Westermann se beskrywende lof, naamlik lof met betrekking tot die volheid van sy werk en bestaan.

13 Vergelyk bekende lofpsalms soos onder andere Ps. 8, 29, 33, 100, 103.

(Ps. 30, 32, 41, 65, 67; Joh. 11:41-42; Ef. 5:20; Kol. 3:17; e.a.) (Meijer, 1965:41-47; Kloppers, 1989:7).

- **Klaaggebed**

Verskillende sake het aanleiding gegee tot die klag: bedreiging, oorlog, siekte, natuurrampe, ensovoorts. Die meeste klaaggebede in die Ou Testament (enkeling en volk) bestaan uit spesifieke elemente: aanroeping; klag; belydenis van vertroue; smeking; motiewe of redes wat die Goddelike ingryping regverdig; belofte van lofprysing; versekering dat die klag gehoor is. Die smeking (*Bitte*) word as die kern van die hele klaaggebed beskou. Bogenoemde elemente kom egter nie in elke klaaggebed voor nie (Kaiser, 1975:332; Gerstenberger, 1980:119, 127). Alhoewel die klaaggebed primêr in die Ou Testament voorkom, is daar enkele voorbeelde in die Nuwe Testament (Matt. 26:39; Matt. 27:46).

Skuldbelydenis word nie deur geleerdes as 'n hoofelement van die klaaggebed gereken nie; tog is daar sekere klaaggebede wat hoofsaaklik op skuldbelydenis fokus (vgl. Psalms 32; 38; 51; Dan. 9:4-16).

- **Voorbidding/intersessie**

Daar is 'n verskil tussen voorbidding en smeking, die belangrikste element van die klag. Waar smeking handel oor die versoek ten opsigte van *jouself*, handel voorbidding oor die vra of intree vir *ander mense* (Clements, 1985:11). Die voorbidding kan egter nie so maklik van die smeking geskei word nie. Die voorbidding in die Bybel is somtyds vir 'n individu of andersins voorbidding vir die volk Israel, die gemeente as geheel of vir die heidene/nasies (Gen. 18:22-33; Am. 7:1-6; Jer. 14:1-15:2; Joh. 17:1-26; Rom. 15:30; e.a.).

Die voorafgaande bespreking het aangetoon dat die vier belangrikste gebedsvorme regdeur die Bybel voorkom. Daar is wel onderlinge beklemtonings binne die Bybel. Die lof en voorbidding/intersessie word die algemeenste in die Bybel gebruik. Die klaaggebed kom nie so algemeen in die Nuwe Testament voor nie, alhoewel dit 'n belangrike deel van die Ou-Testamentiese gebedsliteratuur uitmaak (Miller, 1994:305). Cullmann (1995:29) wys daarop dat voorbidding op die voorgrond tree in die Sinoptiese evangelies en dat lof en dank selde voorkom. By die Pauliniese briewe en Johannes domineer die lof en dank. Wiles (1974) se definiëring van voorbidding is wyd en sy siening verskil van dié van Cullmann. Hy beklemtoon weer die voorbidding in die Pauliniese briewe. Wiles (1974:11-18) wys verder op 'n noue band tussen voorbidding, dank en seën.

Buiten die opgetekende gebedsvorme is daar ook *verwysings* na verskillende gebedsvorme: Filippense 4:6 (gebed, smeking, danksegging); 1 Timoteus 2:1 (smeking; gebede; voorbidding; danksegging); Jakobus 5:13-16 (lof, voorbidding, skuldbelydenis).

## 3.6 Persone wat bid

Die Bybel moedig verskillende persone aan om te bid. Die meerderheid opgetekende gebede is afkomstig van leiersfigure soos byvoorbeeld konings, profete, priesters, die dissipels en Jesus self. Gebed is nie slegs beperk tot manne in die Bybel nie. Daar is sprake van gebedsmanne en -vroue in sowel die Ou as Nuwe Testament (1 Sam. 2; Luk. 1:46-55; Hand. 9:11; e.a.). Geen teksgedeelte in die Bybel beklemtoon die feit dat die opdrag tot gebed vir 'n sekere groep gereserveer is nie. In teenstelling met die Nuwe Testament verwys die Ou Testament na nie-Israeliete (waarskynlik nie-gelowiges) wat gebid het: die slaaf van Abraham (Gen. 24:42-48); Farao wat opdrag aan Moses gee om te bid (Eks. 8:28); Nebukadneser wat tot God om hulp roep (Dan. 4:34-37); die bemanning van Jona se skip (Jona 1:6, 14); Kussiete wat smekend hulle hande na God rig (Ps. 68:32). In 1 Konings 8:43 vind 'n mens 'n smeking tot God dat die gebed van die vreemdeling verhoor sal word. Ten opsigte van gebede van nie-gelowiges is daar egter 'n opvallende afwesigheid in die Nuwe Testament.

Somtyds word daar 'n tweedeling of onderskeid getref tussen die enkeling en die volk/gemeenskap wat bid. Die tipering van die gebedsvorme (bv. klag van die enkeling en klag van die volk) beklemtoon hierdie onderskeid. Dit is egter belangrik dat die enkeling of individu nie van die gemeenskap losgemaak sal word nie. In die klaaggebed van die enkeling bly die bidder byvoorbeeld 'n enkeling, maar hy is 'n enkeling wat deel is van 'n gemeenskap. Die individuele bidder by die tempel moet ook nie gesien word as 'n "eensame mens" wat alleen in 'n kamertjie bid nie. Hy was waarskynlik saam met familie, vriende en ander besoekers in die tempel (O'Kennedy, 1994:35).'n Mens vind talle verwysings na die hele volk, die hele gemeente of groepe gelowiges wat eendragtig saamgekom het in gebed (Neh. 9:5-37; Luk. 1:10; Hand. 1:14; 12:5, 12; e.a.).

## 3.7 Paradigmatiese funksie van gebed

In die Ou en Nuwe Testament tref 'n mens gebede aan wat as't ware as 'n model dien vir ander gebede. Die grootste modelgebed in die Nuwe Testament is die "Ons Vader"-gebed. In Johannes 17 bou Jesus voort op hierdie modelgebed en vorm 'n perfekte voorbiddingsgebed. In die Ou Testament kom dit nie so duidelik na vore nie. Die gebed van Salomo is

waarskynlik die gebed wat die naaste aan so 'n modelgebed kom (1 Kon. 8:22-53; 2 Kron. 6:12-42). Dit dien as 'n model of paradigma vir veral na-eksiliese boetegebede (vgl. Dan. 9: Neh. 1 en Neh. 9) (O'Kennedy, 2000:1-18).

Die gebede van die Bybel help die hedendaagse bidder om saam met gelowiges in die tyd van die Bybel te bid. Paulus moedig ook die lesers van sy briewe aan om hom na te volg in gebed. Hy leer hulle hoe om te bid en wat om te bid (Wiles, 1974:295). Jesus Christus kan egter as die grootste model vir gebed beskou word. Aan die een kant is sy gebede uniek, omdat Hy selde persoonlike behoeftes uitdruk en glad nie persoonlike sonde bely nie. Aan die ander kant leer Hy ons as moderne bidders hoe om te bid deur middel van sy voorbeeld en gebedslering (Spencer & Spencer, 1990:237).

## 3.8 Verhoring van gebed

Die Bybel beklemtoon dat God gebede verhoor het en sal verhoor (vgl. 1 Kon. 9:3; 2 Kron. 30:20; Matt. 6:8; 21:22; Joh. 16:23-24; Hand. 10:4, 31; e.a.). Dit wil voorkom asof die skrywers van die Bybel die lesers motiveer om te bid deur hulle te verseker dat hulle gebede verhoor sal word. Die versekering vir so 'n verhoring is gegrond in die koninkryk van God, soos verduidelik in Matteus 7:8: "... want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry ..." (vgl. ook Joh. 15:16; 16:23, 26; Kol. 1:9-12; Jak. 4:2) (Du Rand, 1990:44).

Die verhoring van gebede geskied na aanleiding van verskillende omstandighede: siekte/dood (1 Kon. 13:6; Jes. 38:10-20; Mark. 7:34-35; Joh. 11:41; e.a.); kinderloosheid (Gen. 25:21; 1 Sam. 2:1-10; Luk. 1:13); uitstel of afwysing van straf (Eks. 34:8-10; 2 Kron. 30:20; Am. 7:1-6); wysheid (1 Kon. 3:5-15; Jak. 1:5-6); verlossing uit nood (2 Sam. 21:14; 24:25; Esra 8:23; Job 42:9; Ps. 6:9; 10:17; e.a.).

Ten spyte van die klem op die verhoring van gebed is daar enkele voorbeelde waar gebede nie verhoor is nie (d.i. nie verhoor soos wat gevra is nie) óf waar die verhoring uitgestel is (vgl. Gen. 18:22-33; Deut. 3:23-25). Die bekendste Nuwe-Testamentiese voorbeeld is Paulus se gebed om die wegneem van die doring in sy vlees (2 Kor. 12:7-9). Hierdie voorbeelde getuig daarvan dat verhoring nie outomaties op gebed volg nie. Die verhoring van gebed bly steeds in God se hande. God kan nie gemanipuleer word om gebede te verhoor nie.

## 3.9 Gerigtheid van gebed

Die uniekheid van die Bybelse gebede is dat dit gerig is tot die enige God, Skepper van hemel en aarde en nie tot verskillende gode soos in

buite-Bybelse literatuur nie. In die Bybel word nie tot 'n onbekende god gebid nie. Die God van die Bybel het Hom alreeds in die geskiedenis aan sy volk bekend gemaak (Zimmerli, 1984:150-152).

Die meerderheid gebede in die Nuwe Testament is gerig tot God die Vader, Skepper van die hemel en aarde (Matt. 6:9; 10:20; Kol. 1:3; Rom. 8:15; ens.); tog is dit interessant dat geen gebed in die Ou Testament God as Vader aanspreek nie (Versteeg, 1978:12-15).[14] Die uniekheid van sommige gebede in die Nuwe Testament is ook dat dit gerig is tot Jesus Christus (Op. 5:8, 12-13; 7:10). Dikwels is die gebed gerig tot God die Vader, maar gegrond op die werk van die vleesgeworde Here en Middelaar, Jesus Christus (Kol. 3:17) (Cullmann, 1995:86-87, 111, 116).

Buiten hierdie gerigtheid is daar ook die volgende aanspreekvorms wat in die Bybelse gebede gebruik word: My God (Esra 9:6); God van die hemel/wat in die hemel woon (1 Kon. 8:22-53; Neh. 1:5; Matt. 6:9); Naam van God (Joh. 16:24; Jes. 65:16). Die volgende twee aanspreekvorms is slegs beperk tot die Ou-Testamentiese gebede: Jahwe, ons God (vgl. Jer. 37:3; 42:2-4, 20) en God van Abraham, Isak en Jakob (vgl. Gen. 32:9; 1 Kon. 18:36).

## 3.10 Ander ooreenkomste tussen gebed in die Ou en Nuwe Testament

- In 'n sekere sin is die gebede van die Bybel tydloos, omdat dit in verskillende historiese omstandighede gebid kan word (bv. die Psalms en Ons Vader-gebed). Aan die ander kant moet 'n mens erken dat die gebede van die Bybel ontstaan het in 'n spesifieke historiese konteks.

- Die Bybelse gebede sê vir 'n mens iets oor die aard van die bidder asook die aard van God. Gebed is teologie in aksie, omdat dit die bidder se denke oor God openbaar (Balentine, 1993:48-117; O'Kennedy, 1996:430-431).

- Gebed en 'n lewe van gehoorsaamheid word onlosmaaklik aan mekaar gekoppel (Spr. 28:9; Jes. 14:1-1; Jer. 14:11-12; Heb. 5:7; Jak. 5:16; 1 Pet. 3:7; 1 Joh. 3:22; e.a.) (vgl. Brownson, 1995:88-89).

- Gebed word as 'n wesenlike deel van die ampsbediening beskou. In die Ou Testament word voorbidding as 'n belangrike taak van die

14 In die Ou Testament word God slegs 15 keer as Vader aangedui, terwyl die woord "Vader" 170 keer in die mond van Jesus voorkom (Versteeg, 1978:15).

profete beskou[15]. In Jesus se lewe was die volvoering van sy amp en gebed onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Jesus en die vroeë gemeente het geen belangrike beslissings sonder gebed geneem nie (Versteeg, 1978:9-11, 23). In Handelinge 6:4 word gebed en die bediening van die Woord as die wesenlike taak van die apostoliese amp genoem (vgl. Hand. 8:15) (Du Rand, 1990:41).

- Gebed het 'n bepaalde literêre en teologiese funksie in die Bybel vervul. In sommige gevalle is gebede op strategiese plekke ingevoeg om 'n bepaalde teologiese saak te beklemtoon of as 'n oorgangspunt te dien.[16]

- Daar is telkens 'n verband tussen gebed en 'n wonderwerk van God (vgl. 1 Sam. 2:1-10; 1 Kon. 13:6; Mark. 7:34; Joh. 11:41; Hand. 9:40; 12:5; 16:25; 28:8) (Schulz, 1984:49).

## 4. Die unieke aard van gebed in die Ou Testament

In die voorafgaande bespreking (punt 3) is gewys op kleiner klemverskille tussen die gebedsbeskouing van die Ou en Nuwe Testament. In hierdie afdeling sal 'n paar van die groter klemverskille benadruk word en die unieke aard van elke Testament se beskouing bespreek word.

- Die Psalms is 'n unieke "gebedeboek" wat nie in die Nuwe Testament voorkom nie. Die feit dat die Psalms telkens in die Nuwe Testament aangehaal word, beklemtoon die feit dat daar nie by Jesus en die Nuwe-Testamentiese gelowiges die nodigheid vir 'n nuwe "gebedeboek" bestaan het nie.

- Klaaggebede is eie aan die Ou Testament. Daar kom wel elemente van die klag by Jesus se gebede voor (Matt. 26:39; Matt. 27:46).

- Die sogenaamde vloekpsalms, 'n vorm van klag, kom slegs in die Ou Testament voor (vgl. Ps. 35; 109; 137). Daar is wel sprake van vloek-

15 Sommige geleerdes reken dat voorbidding 'n wesenlike taak van die profete was (vgl. Johnson, 1962:59; Rhodes, 1977:107; Reventlow, 1986:245). Ander geleerdes (Jeremias, 1971:311 en Balentine, 1984:161-173) is huiwerig om van die profete as voorbidders te praat.

16 In die Deuteronomistiese geskiedwerk word gebede byvoorbeeld geplaas tussen 'n *beriggewing* van die een of ander krisis en die uiteindelike *oplossing* van die krisis (Deut. 3:23-25; 9:26-29; Jos. 7:7-9; 2 Sam. 7:18-29; 1 Kon. 8:22-53; e.a.) (Staudt, 1980:330-336). Wiles (1974:293) sê die volgende oor gebed in die Pauliniese briewe: "That the wish-prayers and prayer-reports expressed Paul's currently central interests was revealed further by their strategic location within each letter". Volgens Smalley (1973:61) onderstreep gebed in Lukas-Handelinge sekere kritiese momente in die heilsgeskiedenis.

uitsprake in die Nuwe Testament, maar dit word nie in die konteks van gebed bespreek nie (vgl. 1 Kor. 16:22; Gal. 1:8-9). In teenstelling hiermee beklemtoon die Nuwe Testament dat daar vir die vyande gebid moet word (Matt. 5:44; 6:28).

- 'n Interessante aspek is die "verbod" om te bid weens die sonde van die volk (Deut. 3:26; Jes. 1:15; Klaagl. 3:8, 44; Jer. 7:16; 11:14). Slegs een Nuwe-Testamentiese gedeelte raak hierdie tema aan. 1 Johannes 5:16 beklemtoon dat daar nie om vergifnis gebid moet word vir sonde wat tot die dood lei nie.

- Alhoewel daar in die Nuwe Testament na gebed en vergifnis verwys word (vgl. Matt. 6:12; Mark. 11:25; Jak. 5:15-16) is daar in die Ou Testament 'n sterker klem op gebed om vergifnis (vgl. Eks. 32:11-13; 34:9; Num. 14:19-20; 1 Kon. 8:22-53; Ps. 32; 51; 86:3-5; 130; Dan. 9:9, 19; e.a.). Dit is opmerklik dat die eksplisiete oproep tot gebed om *vergifnis van sonde* slegs een keer in die Nuwe Testament voorkom (Hand. 8:22-23) (Versteeg, 1978:30). Hierdie inligting is ironies aangesien baie gelowiges die persepsie het dat God se toorn in die Ou Testament beskryf word, terwyl die Nuwe Testament oor God se genade en vergifnis handel.

- Die Ou Testament verwys na gebede tot 'n ander god, terwyl die Nuwe Testament die saak ignoreer (vgl. Eks. 23:13; 1 Kon. 18:24-26; 2 Kon. 5:18; Jes. 44:17; 45:20).

- Gebede van nie-gelowiges is uniek aan die Ou Testament (vgl. 3.6).

- Die onskuldverklarings van die bidder in die Ou Testament verdwyn in die Nuwe Testament (vgl. Ps. 7:3-5; 26:4-6) (Miller, 1994:260-261). Die direkte koppeling van sonde en straf is nie so kenmerkend van die Nuwe Testament nie, behalwe waar Jesus die straf vir die sonde dra.

- Daar is 'n sterker band tussen gebed en die kultus of die openbare erediens (vgl. Knohl, 1996:17-30). Jesus staan nie teenoor die openbare erediens nie, maar roep mense byvoorbeeld op tot private gebede (Matt. 6:1-14).

- In die Ou-Testamentiese gebede word telkens motiverings of redes gegee hoekom God 'n bepaalde gebed moet beantwoord, terwyl dit in die Nuwe Testament afwesig is (Eks. 32:11-13; Num. 14:11-25; 1 Kon. 8:22-53; 2 Kon. 19:19; e.a.).

## 5. Die unieke aard van gebed in die Nuwe Testament

- As gevolg van die heilshistoriese lyn word Ou-Testamentiese gebede in die Nuwe Testament aangehaal. ’n Mens kan wel sê dat’n hele tradisie van gebed in die Bybel ontstaan het en dat die Ou Testament ook by ander buite-Bybelse gebede geleen het.

- Die Trinitariese aard van gebed is uniek aan die Nuwe Testament (Miller, 1994:314-321; Brownson, 1995:96-98). Hierdie Trinitariese aard bepaal die inhoud van die meeste gebede, byvoorbeeld die belangrikste onderwerp van Paulus se gebed is die verlossingsdaad van God in Jesus Christus (Cullmann, 1995:83). Paulus lê ook klem op die rol van die Heilige Gees in gebed (Rom. 8:15, 26-27; Gal. 4:6).

- Die Nuwe Testament skets ’n beeld van die verhoogde Jesus wat steeds intree en pleit vir ons by die Vader (vgl. Rom. 8:26-27; Heb. 7:25) (Versteeg, 1978:18-21). Alhoewel die profete soos Moses en Elia ook as middelaars ingetree het vir die volk, kan ’n mens nie Jesus se Middelaarsgebede op dieselfde vlak plaas as die gebede van die Ou Testament nie.

- Die Nuwe Testament is veral gesteld op die innerlike ingesteldheid en houding van die bidder: Moenie bid vir selfsugtige begeertes nie (Jak. 4:3; 1 Kon. 3:5-15); bid gelowig en moenie aan God twyfel nie (Matt. 21:22; Heb. 11:6; Jak. 1:6; 5:15); bid met blydskap en in diepe dankbaarheid (Fil. 1:4; 4:6; Kol. 4:2); bid in nederigheid voor God (Luk. 18:9-14); bid in eenvoud en opregtheid (Matt. 6:5-14; Mark. 10:35; 12:40; Jak. 4:3); bid met verwagting (vgl. Mark. 11:20-25); bid met ’n skoon gewete, vry van onmin en twis (Matt. 5:25; Mark. 11:25; 1 Tim. 2:8); wees bereid om eerlik met God te worstel in gebed (Rom. 15:30; Ef. 4:12; 6:18; Kol. 4:12); bid met vrymoedigheid (Heb. 4:16; 1 Joh. 3:21; 5:14); die bidder moet ’n goeie verhouding met sy huweliksmaat hê (1 Pet. 3:7); bid as gehoorsame kind van God (1 Joh. 3:22; Joh. 15:7). (Versteeg, 1978:29, 88-90; Liefeld, 1986:938; Du Rand, 1990:41). Slegs enkele van hierdie beklemtonings kom in die Ou Testament voor soos byvoorbeeld die eerlike worsteling met God (vgl. Gen. 18:23-32; Gen. 32:23-24).

- In aansluiting by die innerlike ingesteldheid verwys die Nuwe Testament na ’n paar struikelblokke in die weg van gebed, onder andere ongeloof (Mark. 9:23-24), vormgodsdiens (Matt. 6:7), selfsug (Jak. 4:1-3), onberoulikheid (Jak. 5:16) en versuim (Mark. 9:28-30).

- Daar is belangrike lering oor gebed in die Nuwe Testament, byvoorbeeld die Ons Vader-gebed van Jesus, die lering van Paulus

en Jakobus. In die Ou Testament vind 'n mens voorbeelde van gebed, maar die lering oor gebed word onderbeklemtoon (Miller, 1994:307)

- Die Nuwe Testament verwys na gebede vir die bewaring van versoekingse en verlossing van die Bose (Matt. 26:41; Luk. 22:40; Joh. 17:15). Verder is daar geen voorbeeld in die Ou Testament waar gebed met die uitdryf van bose geeste verbind word nie (vgl. Mark. 9:29).

- In die Nuwe Testament vind 'n mens 'n groter klem op gebed vir die vyande (Matt. 5:44; Luk. 6:27-28; 23:34; Hand. 7:60; Rom. 12:14). Slegs een teksgedeelte in die Ou Testament verwys na 'n gebed vir die vyand (Ps. 35:13-14).

- Die Nuwe Testament maak daarvan melding dat daar gebid moet word volgens die wil van God en dat sy wil moet geskied (Matt. 6:10; Joh. 15:7; Rom. 8:26-27; 1 Joh. 5:14) (vgl. Miller, 1994:310-311, 321-324; Cullmann, 1995:82-83). Hierdie gedagte is wel implisiet in die Ou Testament teenwoordig, maar dit word nêrens eksplisiet in die gebedsliteratuur uitgedruk nie.

- Die gebed vir die getuienistaak van die kerk of die uitbreiding van God se koninkryk[17] kom regdeur die Nuwe Testament voor, veral in die Pauliniese briewe (Matt. 6:10; 9:38; 1 Kor. 8:43; Ef. 6:18-20; Kol. 4:3; 2 Tess. 3:1) (Kellerman, 1964:84-85; Du Preez, 1980:34-38).

- Die Nuwe Testament wys op 'n verband tussen gebed en wederkoms. Daar is die verwagting vir die einde, veral in die gebede van Openbaring. Paulus se eskatologiese perspektief lei ook tot groter dringendheid in sy oproep tot dank en voorbidding (Wiles, 1974:294). In teenstelling hiermee verwys die eskatologiese en apokaliptiese gedeeltes van die Ou Testament glad nie na gebed nie.

- 'n Mens kom agter dat gebed in die Nuwe Testament as 'n geestelike dissipline gereken word. Gebed word beskou as 'n gereelde deel van die verhouding met God. Hierdie gedagte mag wel implisiet deel van die Ou Testament wees, maar daar word gebed meer beperk tot spesifieke situasies. Dit is eers in die laat Ou-Testamentiese literatuur (Dan. 6:12) en in die Nuwe Testament dat gebed gereeld as geestelike dissipline bespreek word (Miller, 1994:312-313).

---

17 Daar is enkele gebede in die Ou Testament wat gerig is op die nasies of die uitbreiding van die koninkryk van God (1 Kon. 8:43; Ps. 67), maar dit is nie so algemeen soos in die Nuwe Testament nie (vgl. Du Preez, 1980:34-38).

- In die Nuwe Testament word intersessie of voorbidding nie primêr as die taak van die leiers en profete gesien nie. Dit is nou die verantwoordelikheid van die gemeenskap as geheel (Hand. 12:5; Rom. 15:30-32; 1 Tess. 1:2; 5:25; Fil. 1:19-20) (Miller, 1994:325).

- Laastens wil ons wys op 'n paar algemene gebedselemente wat slegs in die Nuwe Testament aangetref word: Die spreek-in-tale-gebed (1 Kor. 12-14)[18]; gebed vir die eenheid van die gelowiges (Joh. 17:21); gebed vir geestelike volwassenheid (2 Kor. 13:9; Kol. 4:12); gebed dat die geloof nie verloor sal word nie (Luk. 22:32); en gebed vir die kindertjies (Matt. 19:13).

## 6. Slot

Die voorafgaande bespreking het sonder twyfel aangetoon dat gebed 'n integrale deel van sowel as Ou en Nuwe Testament vorm. Albei Testamente bied 'n magdom inligting vir die verstaan en uitlewing van gebed. Daar is 'n hele aantal ooreenkomste tussen die bespreking van gebed in die Ou en Nuwe Testament (vgl. punt 3); tog is daar ook spesifieke beklemtonings of verskille. Die unieke aard van die Ou-Testamentiese gebede is onder andere die voorkoms van die Psalms as "gebedeboek" en die groter klem op gebed en openbare aanbidding (vgl. punt 4). Die unieke aard van die Nuwe-Testamentiese gebede is onder andere die Trinitariese gerigdheid, die gebed van die verhoogde Jesus, die klem op gebedslering en die innerlike ingesteldheid van die bidder/s (vgl. punt 5).

Die vergelyking in hierdie artikel verskaf 'n paar antwoorde op die vraag insake die ooreenkomste en verskille tussen die gebedsbeskouing van die Ou en Nuwe Testament. Die artikel het verder aangetoon dat daar geen *diepgaande* verskille is wat kan lei tot teenstrydige gebedsbeskouings of -praktyke by die hedendaagse bidder nie. Die verstaan van gebed in die Ou Testament staan nie los van die Nuwe-Testamentiese tradisie nie. Die Nuwe-Testamentiese tradisie vul die Ou-Testamentiese verstaan aan, korrigeer dit en vervul dit. Die Bybel as geheel dien as begronding vir ons huidige gebedsverstaan en -praktyke.

## Bibliografie

ALBERTZ, R. 1984. s.v. Gebet: Altes Testament. *Theologische Realenzyklopädie*, XII:34-42.

AP-THOMAS, D.R. 1956. Notes on some terms relating to prayer. *Vetus Testamentum*, 6:225-241.

BALENTINE, S. 1984. The prophet as intercessor: A reassessment. *Journal for Biblical Languages*, 103(2):161-173.

18 Vgl. Versteeg (1978:50) en Cullmann (1995:77).

BALENTINE, S. 1993. Prayer in the Hebrew Bible: The drama of divine-human dialogue. Minneapolis : Fortress Press.

BROWNSON, W. 1995. The biblical background of prayer. *Reformed Review*, 49:85-98.

CLEMENTS, R.E. 1985. In spirit and truth: Insights from biblical prayers. Atlanta : John Knox Press.

CORVIN, J.W. 1972. A stylistic and functional study of the prose prayers in the historical narratives of the Old Testament. Emory : Emory University. (Ph.D. Dissertation.)

CULLMANN, O. 1995. Prayer in the New Testament. London : SCM Press.

CUMING, G.J. 1974. The New Testament foundation to common prayer. *Studia Liturgia*, 10(3):88-105.

DIPPENAAR, C. 1988. Prayer in the letters and theology of Paul. Stellenbosch : US. (D.Th. dissertation.)

DU PREEZ, J. 1980. Gebed: 'n Teologiese besinning. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers.

DU RAND, J.A. 1990. Enkele kernmomente oor gebed in die Nuwe Testament. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskryf*, 21(1):35-46.

DU TOIT, A.B. 1994. Liggaamstaal in gebed: 'n Nuwe-Testamentiese perspektief. *Skrif en Kerk*, 15(2):264-279.

GERSTENBERGER, E.S. 1980. Der bittende Mensch: Bittritual und Klagelied des Einzelnen im Alten Testament. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (WMANT 51.)

GERSTENBERGER, E.S. 1989. s.v. . *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament*, VI:606-618.

GISPEN, W.H. 1957. Het Gebet. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 57:21-44.

GREENBERG, M.I. 1983. Biblical prose prayer: As a window to the popular religion of Ancient Israel. Los Angeles : University of California Press.

GREEVEN, H. 1980. s.v. ευχομαι, ευχη, *et al*. *Theological Dictionary of the New Testament*, II:775-808.

JEREMIAS, J. 1971. Die Vollmacht des Propheten im Alten Testament. *Evangelische Theologie,* 31:305-322.

JOHNSON, A.R. 1962. The cultic prophet in Ancient Israel. Cardiff : University of Wales Press.

KAISER, O. 1975. Introduction to the Old Testament: A presentation of its results and problems. Oxford : Blackwell.

KEEL, O. 1972. Die Welt der altorientalischen Bildsymbolik und das Alte Testament. Neukirchen : Neukirchener Verlag.

KELLERMAN, J.S. 1964. Die Pauliniese gebede. Stellenbosch : US. (M.Th.-verhandeling.)

KLOPPERS, M.H.O. 1989. Gebed in die Ou Testament. *Acta Theologica*, 9:1-13.

KNOHL, I. 1996. Between voice and silence: The relationship between prayer and the temple cult. *Journal for Biblical Literature*, 115(1):17-30.

KRINETZKI, L. 1965. Israels Gebet im Alten Testament. Aschaffenburg : Paul Pattoloch Verlag.

LIEFELD, W.L. 1986. s.v. Prayer. *The International Standard Bible Encyclopedia*, 3:931-939.

LOUW, P.U. 1979. Gebed in die Ou Testament: 'n Studie van die grondbetekenis en liggaamsbelewing in die gebed. Stellenbosch : US. (M.Th.-verhandeling.)

LOUW, J.P & NIDA, E.A., *eds*. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. New York : United Bible Societies.

LOCKYER, H. 1959. All the prayers of the Bible. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.
MEIJER, J. 1965. Wat zegt de Bijbel over het gebed? Kampen : Kok.
MILLER, P.D. 1985. "Enthroned on the praises of Israel": The praise of God in Old Testament Theology. *Interpretation*, 39:5-19.
MILLER, P.D. 1994. They cried to the Lord: The form and theology of Biblical prayer. Minneapolis : Fortress Press.
O'BREIN, P.T. 1973. Prayer in Luke-Acts. *Tyndale Bulletin*, 24:111-127.
O'KENNEDY, D.F. 1994. Die gebed om vergifnis. Stellenbosch : US. (D.Th.-proefskrif.)
O'KENNEDY, D.F.1996. Prayer: An integral part of the Old Testament. *Scriptura*, 59:421-433.
O'KENNEDY, D.F. 2000. Die gebed van Salomo (1 Kon. 8:22-53): Riglyne vir die verstaan van gebed in die Ou Testament. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 41(1 & 2):109-124.
PESKETT, H. 1990. Prayer in the Old Testament outside the Psalms. (*In* Carsen, D.A., *ed*. Teach us to pray: Prayer in the Bible and the world. Michigan : Baker Book House. p. 19-34.)
PETERSON, D.G. 1990a. Prayer in the General Epistles. (*In* Carsen, D.A., *ed*. Teach us to pray: Prayer in the Bible and the world. Michigan : Baker Book House. p. 102-118.)
PETERSON, D.G. 1990b. Prayer in Paul's writings (*In* Carsen, D.A., *ed*. Teach us to pray: Prayer in the Bible and the world. Michigan : Baker Book House. p. 84-101.)
REVENTLOW, H.G. 1986. Gebet im Alten Testament. Stuttgart : Kohlhammer.
RHODES, A.B. 1977. Israels prophets as intercessors. (*In* Merril, A.L. & Overholt, T.W., *eds*. Scripture in history and theology: Essays in honour of J. Coert Rylaarsdam. Pittsburgh : Pickwick Press. p. 107-128.)
SCHÖNWEISS, H. 1976. s.v. Prayer. *The New International Dictionary of New Testament Theology*, 2:855-879.
SCHULZ, F. 1984. s.v. Gebet: Neues Testament. *Theologische Realenzyklopädie*, XII:47-84.
SMALLEY, S.S. 1973. Spirit, kingdom and prayer in Luke-Acts. *Novum Testamentum*, 15:59-71.
SMIT, E.J. 1997. Die voorkoms en betekenis van gebede in die Ou Testament. *In die Skriflig*, 31(4):437-451.
SPENCER, W.D. & SPENCER, A.B. 1990. The prayer life of Jesus. Lanham, Maryland : University Press of America.
STAUDT, E. 1980. Prayer and the people in the Deuteronomist. Vanderbilt : Vanderbilt University. (Ph.D dissertation.)
STENDAHL, K. 1980. Paul at prayer. *Interpretation*, 34:240-249.
VELEMA, W.H. 1972. Gebeden in de Bijbel. Kampen : Kok.
VERHOEF, P.A. 1997. s.v. Prayer. *New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis*, 4:1060-1066.
VERSTEEG, J.P. 1978. Het gebed volgens het Nieuwe Testament. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.
VON SEVERUS, E. 1972. s.v. Gebet I. Reallexikon für Antike und Christentum, 8:1134-1258.
WENDEL, A. 1931. Das freie Laiengebet im vorexilischen Israel. Leipzig : Verlag von Edward Pfeiffer.

WESTERMANN, C. 1981. Hoofdlijnen van een theologie van het Oude Testament. Kampen : Kok.
WILES, G.P. 1974. Paul's intercessory prayers: The significance of the letters of Paul. Cambridge : University Press.
ZIMMERLI, W. 1984. Old Testament Theology in outline. Edinburgh : Clark.

## Kernbegrippe:

gebed: in Ou en Nuwe Testament
gebed, voorkoms en aard

## Key concepts:

prayer: in Old and New Testament
prayer, occurrence and nature